# Sondag, 2 Januarie 2022

**Skriflesing:** Filippense 3:1-16

**Tema:** Die beste gaan nog kom.

### Skriflesing

**Filippense 3:1-16**

**Die ware geregtigheid**

1 Verder, my broers en susters, wees bly in die Here! Om dieselfde dinge aan julle te skrywe, is vir
my nie moeite nie, en vir julle gee dit sekerheid.

2 Pas op vir daardie dwaalleraars;
pas op vir daardie mense wat kwaad stig;
pas op vir daardie betekenislose besnydenis!

3 Ons het die ware besnydenis, óns wat God deur sy Gees dien, óns wat ons op Christus Jesus
beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie. 4 Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As
iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: 5 ek is op die agste dag besny,
van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n
Fariseër, 6 in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om
vryspraak te kry, onberispelik.

7 Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, 8 ja, nog
meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in
waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek
Christus as enigste bate kan verkry 9 en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die
wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens
in Hom glo. 10 Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en
deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, 11 in die verwagting dat ek self
deel sal hê aan die opstanding uit die dood.

12 Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles
myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het. 13 Broers en susters, ek verbeel
my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek
my uit na wat voor is. 14 Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys
kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.

[15]Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê. En as julle in enige opsig anders daaroor dink – God sal ook hierin aan julle die regte insig gee. [16]In elk geval, laat ons koers hou op die pad waarmee ons tot hiertoe gekom het.

## PREEK

**Broers en susters in onse Here Jesus Christus:**

Soos wat ons die nuwe jaar in die gesig staar, sal die meeste van ons 'n oomblik neem en bewustelik die ou jaar agterlaat en vorentoe kyk na die nuwe jaar. Ons dink daaraan om aan te beweeg – vorentoe te beweeg.

En ek wil vanoggend u aanmoedig om bewustelik u gedagtes oop te maak en 'n denk skuif te maak. Die verlede is gedoen en afgehandel. Nou is dit tyd om te dink oor die res van jou lewe! Dit gaan nou oor – more. Jou volgende dag - en elke dag wat daarop volg!

**Uitbou**

Ons almal ken vir Paulus, wat hier skryf aan die gemeente van Filippi, se storie. Paulus het mos met mening die dissipels van Jesus agter na gesit om hulle almal te vang. Ons lees hier dat hy trots was daarop. Sy aardse verwysings was indrukwekkend sê hy in vers 5 en 6 - [5]*ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër,* [6]*in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik.*

Ons kom by Paulus agter dat hy besef dat hy nie 'n goeie lewe gehad het nie en dat hy baie vas gehou het aan 'n selfsugtige, selfvoldane uitkyk op sy lewe. In retrospeksie, as hy terugkyk op sy lewe, dan hoor ons dat hy weet dit sleg en sondig was.

Wat maak mense vandag as ons weet dat iemand slegte dinge gedoen het in hulle lewens? Mense kyk by hulle eie foute verby, soms, en het soms baie te sê oor daardie persoon. Of mense wat foute gemaak het hou aan agter toe kyk en sukkel om aan te weeg omdat hulle sleg voel, skuldig voel of hulleself aftakel en glo dat hulle nie iets beters verdien in die toekoms nie.

Hoe kom jy uit 2021 uit?

Hoe kom jy uit 2020, 2019, 2018 ens. uit?

Wat sleep ons nie alles met ons saam elke nuwe jaar in nie?

Paulus begin hierdie gedeelte, as voorbeeld, vir hoe ek en jy 'n nuwe jaar moet begin. Hy sê -

[1]*Verder, my broers en susters, wees bly in die Here!*

Dis hoe ons elke nuwe jaar moet kan begin. Wees bly in die Here!
Want, Paulus se dadelik daarna –
[2]*Pas op vir daardie dwaalleraars;*
*pas op vir daardie mense wat kwaad stig;*
*pas op vir daardie betekenislose besnydenis!*
Pas op vir jou skuldgevoelens,
Pas op vir daardie dinge wat jou vashou en jou inperk. Baie keer is dit ander mense wat jou vashou, en soms is jy die een wat jouself inperk. Paulus lig ons in om op te pas vir die gewigte wat die wêreld om ons hang, wat keer dat ons kan sê – Wees bly in die Here!

Wat gaan u keer om hierdie jaar nader aan God te lewe?
Hoe gaan gister jou beïnvloed om jou verhouding met God in te skerp?
Watse toegee gaan jy toelaat dat die verlede jou toekoms gaan versmoor?

Ons Godgegewe toekoms is nie ‘n ongestruktureerde mengelmoes van verwarde gebeure wat vir ons lê en wag nie.
As jy vasgevang voel, hoef jy nie so te voel nie.
As jy ontmoedig voel na ‘n lang, harde jaar, is dit nou tyd om daardie gevoelens te hanteer.
As jy onseker voel, dan is daar helderheid vir jou beskikbaar.

Paulus wil elke gelowige aanmoedig om vorentoe te gaan. En hy sê ‘n ding wat ons moet in ag neem. Hy praat oor besnydenis, maar eintlik oor die simbool daarvan, dat God jou syne gemaak het -
... *óns wat God deur sy Gees dien, óns wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie*
– dis ons wat met vrede die verlede agter kan los, 2021 agter kan los, en sinvol 2022 kan instap. En hoor mooi, Paulus sê dat jy jou op Jesus moet beroem, m.a.w. ons moet trots wees daarop dat ons broers en susters van Jesus is, i.p.v. om op uiterlike dinge te vertrou.

Elke een van ons reis op ‘n aangewysde weg, gevul met moontlikhede en geleenthede. Elke ding in jou verlede berei jou voor vir wat volgende mag kom en elke belofte van God sal voorsien wat jy nodig het. Hierdie tyd van die jaar is nie ‘n tyd om toe te laat dat angstigheid, lusteloosheid of enige iets anders jou gemoed belemmer nie. Paulus wil ons leer dat ons sal asemskep en reg

fokus. Nie op gister nie, maar op vandag en more! Nie op uiterlike dinge vertrou nie, maar ons beroem op Jesus.

Soos wat hierdie jaar begin wil ek jou aanmoedig om vorentoe aan te stoot, wat ook al jou ouderdom of omstandighede is. Gaan aan met jou lewe en ontdek ywerig hoe jou toekoms ontvou – en doen dit met
fokus,
geloof
en geesdrif.
Ek is opgewonde vir jou! Opgewonde vir wat ook al volgende vir jou hierdie jaar lê en wag! Hierdie komende dae en jaar sal oorloop met seëninge. En ja, daar mag dalk uitdagings wees, maar God weet dit ook. Dus, moenie bekommerde wees oor more nie. Pak dit aan vir God en vir ander mense.

Ek het al geleer - maak nie saak in watter seisoen van die lewe jy jou bevind nie – jou beste en helderste dae is net rondom die draai. Dit is nie net my opinie nie en ook nie ‘n vroom banaliteit nie – dit is ‘n Bybelse waarheid.
**Lukas 12:31** - *Beywer julle vir sy koninkryk, dan sal Hy julle ook hierdie dinge gee.*
God wag om jou te gebruik, nou meer as ooit, en jou lewe is ver van klaar af.

Hierdie afgelope jaar kon jou dalk laat voel dat jy is uitgeput, dalk onklaar geraak in die noodlyn langs die pad van die lewe, met geen kans om weer aan die beweeg te kom nie. Maar ek wil vir u graag ‘n ‘jump-start’ gee – ek wil u geïnteresseerd maak om vorentoe te beweeg met vars energie. Paulus noem dat hy gaan kyk het wat vir hom ‘n bate is. Dis nie aardse dinge nie, maar dit was om vir Jesus te ken.

Hoe ‘jump-start’ jy jou geloof, jou sekerheid in liefde wat die Here vir jou het?
Dit begin wanneer jy God se begeerte en drome vir jou lewe aanvoel en dit ontdek jy wanneer jy bid, met die Here kommunikeer. In gesprek met God kom daar dinge los en jy vra die Here om met jou te wees.
Soos wat God se droom vir jou lewe ontwikkel in jou hart, raak jy ontslae van al die rommel in jou roetine sodat jy skerper kan lewe, gefokus en met dieper geloof kan lewe. Soos mens dan ‘n punt daarvan maak om aan God vas te hou en die waarheid wat Hy jou leer – dat Hy ‘n unieke

padkaart vir jou het – sien jy hoe Hy jou wonderlik gevorm het vir die roete wat Hy vir jou gekies het.

Daar is iets wat in jou moet gebeur. Jy moet moontlike pessimisme afgooi en elke dag aanvat met positiewe denke, soos die helde in die Bybelboek Openbaring 14:4 - *Hulle volg die Lam waar Hy ook al gaan.*

Jou lewe is 'n belegging met ewigheidsdividende. Hier op aarde sal ons klaar maak wanneer God dit bepaal en dan dadelik voortgaan met jou aktiwiteite in die hemel, waar 'n ewigheid van lofprysing, werk en gemeenskap van gelowiges op jou wag.

In Jesus Christus is jou lewe nie uitgedien nie, dis ook nie uit die mode uit nie, en dis ook nie verby nie. Dis juis sterker, sinvoller, betekenisvol en vreugdevol.

Paulus sê - 12*Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het.*

Dis hoe jy hierdie jaar kan ingaan. Ons is nie volmaak nie, maar ons kies om onsself in te span, om alles ons sin te maak, nie om te probeer vir die Here wys dat ons dit werd is nie, maar omdat Hy ons klaar Syne gemaak het.

Dan sê Paulus –

*Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is.* 14*Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.*

Broers en susters, hier's dit – begin nou hierdie jaar deur –

Jou los te maak van wat agter is;

Jou uit te strek na wat voor is (God se hulp, seën, krag, liefde, ewige lewe ens.);

Span jouself in;

En weet jy het reeds die hemelse prys behaal a.g.v. Jesus se opoffering vir jou.

**Slot**

Mag die Here Jesus jou lei om te ontdek – of om te herontdek – die drome, begeertes, en dryf vors wat Hy vir jou daar gestel het soos jy regskuif om Hom hierdie jaar te volg deur vorentoe te gaan!

Kom ons as gelowiges

fokus,

leef gelowig

met geesdrif.

**Amen**